**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2019**

MARK SCHEME

Maximum Mark: 50

**Published**

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes should be read in conjunction with the question paper and the Principal Examiner Report for Teachers.

Cambridge International will not enter into discussions about these mark schemes.

Cambridge International is publishing the mark schemes for the October/November 2019 series for most Cambridge IGCSE™, Cambridge International A and AS Level components and some Cambridge O Level components.



© UCLES 2019

## Generic Marking Principles

These general marking principles must be applied by all examiners when marking candidate answers. They should be applied alongside the specific content of the mark scheme or generic level descriptors for a question. Each question paper and mark scheme will also comply with these marking principles.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 1:

Marks must be awarded in line with:

- the specific content of the mark scheme or the generic level descriptors for the question
- the specific skills defined in the mark scheme or in the generic level descriptors for the question
- the standard of response required by a candidate as exemplified by the standardisation scripts.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 2:

Marks awarded are always **whole marks** (not half marks, or other fractions).

GENERIC MARKING PRINCIPLE 3:

Marks must be awarded **positively**:

- marks are awarded for correct/valid answers, as defined in the mark scheme. However, credit is given for valid answers which go beyond the scope of the syllabus and mark scheme, referring to your Team Leader as appropriate
- marks are awarded when candidates clearly demonstrate what they know and can do
- marks are not deducted for errors
- marks are not deducted for omissions
- answers should only be judged on the quality of spelling, punctuation and grammar when these features are specifically assessed by the question as indicated by the mark scheme. The meaning, however, should be unambiguous.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 4:

Rules must be applied consistently e.g. in situations where candidates have not followed instructions or in the application of generic level descriptors.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 5:

Marks should be awarded using the full range of marks defined in the mark scheme for the question (however; the use of the full mark range may be limited according to the quality of the candidate responses seen).

GENERIC MARKING PRINCIPLE 6:

Marks awarded are based solely on the requirements as defined in the mark scheme. Marks should not be awarded with grade thresholds or grade descriptors in mind.

© UCLES 2019

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 1(a) | Die woord "klokslag" wys die voëls kom altyd dieselfde tyd daar aan. ✓<br>Die woorde "jy kan amper wed" beklemtoon die voëls se voorspelbare roetine. ✓ | 2 |
| 1(b) | Enige vier van die volgende moet genoem word:<br>Dit was 'n warm, ✓ landelike omgewing (plaas) ✓ met mielielande ✓, 'n gronddam ✓en volop duiwe. ✓ | 4 |
| 1(c)(i) | aanmoedig ✓ | 1 |
| 1(c)(ii) | plek waarvandaan die omgewing bekyk kan word ✓ | 1 |
| 1(c)(iii) | ontspanne/stadig/doelloos loop ✓ | 1 |
| 1(c)(iv) | instinktiewe of baie ou gevoel ✓ | 1 |
| 1(d) | Enige twee van die volgende:<br>Hy gebruik vergelykings, ✓ byvoorbeeld deur die duif met 'n "seeleeu" te vergelyk. ✓<br>Hy beskryf in groot detail, ✓ byvoorbeeld hoe die duif "sluk-sluk" en "loer". ✓<br>Hy gebruik personifikasie, ✓ byvoorbeeld "drentel" die duif "minagtend". ✓<br>Hy gebruik interessante/metaforiese beskrywende woorde, ✓ byvoorbeeld "veiligheidsdril" ✓.<br>Hy gebruik klanknabootsing, ✓ byvoorbeeld "vlerkklappe" ✓ om die geluid van die duif se vlerke doeltreffend oor te dra. | 4 |
| 1(e) | Enige vier van die volgende kan genoem word:<br>Hy beskryf die duiwe se vlerke as "formidabel", wat sy bewondering toon. ✓<br>Die klank van duifvlerke laat hom nostalgies na sy kinderdae verlang. ✓<br>Die klank van duifvlerke laat hom op 'n baie diep vlak rustig voel. ✓<br>Hy is bewus van die oeroue band tussen mens en duif. ✓<br>Hy geniet dit om duiwe waar te neem / het 'n voëlbadjie sodat hy duiwe kan waarneem. ✓<br>Sy enorme kennis van duiwe impliseer hy hou van hulle. ✓<br>Hy waardeer die rol wat die duif in die Noag-verhaal gespeel het. ✓ | 4 |
| 1(f) | Hy wil die oeroue band waarna daar in die titel verwys word, ✓ beklemtoon deur te noem dat die mens en die duif reeds honderdduisende jare lank saam bestaan. ✓ | 2 |

© UCLES 2019

**Skryf: Akkuraatheid van taal**

| | |
|---|---|
| **5 (Uitstekend)** | Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas.<br>Gevarieerde, presiese woordeskat.<br>Skaars enige of geen tegniese foute nie. |
| **4 (Goed)** | Duidelike, gepaste taal.<br>Gepaste woordeskat.<br>Min tegniese foute. |
| **3 (Voldoende)** | Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis.<br>Voldoende woordeskat.<br>Sommige tegniese foute. |
| **2 (Swak)** | Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie.<br>Eenvoudige sintaksis met ’n mate van lomp taalgebruik.<br>Beperkte woordeskat.<br>Verskeie tegniese foute. |
| **1 (Baie swak)** | Beperkte, onvanpaste taalgebruik.<br>Verward en obskuur.<br>Talle foute. |

[Totaal: 20 punte vir inhoud en 5 punte vir taalgebruik = 25]

© UCLES 2019

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 2 | • 15 punte is beskikbaar vir Lees. Elke relevante punt kry ’n regmerkie. ’n Punt word vir elke regmerkie toegeken tot ’n maksimum van 15 punte (sien die moontlike antwoorde hieronder).<br>• 10 punte is beskikbaar vir Skryf (sien die onderstaande tabelle). | **25** |

**Skryf: Styl en Organisering**

| | |
|---|---|
| **5 (Uitstekend)** | Uitstekende uitdrukking en fokus met uitstekende gebruik van eie woorde. Goeie opsommingstyl met ordelike groepering van idees; uitstekende skakeling.<br>Antwoord is doelgerig. |
| **4 (Goed)** | Goeie uitdrukking in herkenbare opsommingstyl.<br>Poging om te fokus en idees te groepeer; goeie skakeling. |
| **3 (Voldoende)** | Bevredigende uitdrukking in eie woorde.<br>Redelik presies, met ’n mate van ordening.<br>Sporadiese gebrek aan fokus. |
| **2 (Swak)** | Beperkte uitdrukking, maar meestal in eie woorde.<br>’n Mate van orde, maar min gevoel vir skakeling.<br>Geneigdheid om fokus te verloor (bv. deur ’n anekdote in te sluit): ontwikkeling dikwels moeilik om te volg. |
| **1 (Baie swak)** | Uitdrukking bloot voldoende; moontlik soos ’n lys.<br>Heelwat oorskrywery uit die tekste; herhalend.<br>Dikwels irrelevant. |

**Skryf: Akkuraatheid van taal**

| | |
|---|---|
| **5 (Uitstekend)** | Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas.<br>Gevarieerde, presiese woordeskat.<br>Skaars enige of geen tegniese foute nie. |
| **4 (Goed)** | Duidelike, gepaste taal.<br>Gepaste woordeskat.<br>Min tegniese foute. |
| **3 (Voldoende)** | Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis.<br>Voldoende woordeskat. Sommige tegniese foute. |
| **2 (Swak)** | Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie.<br>Eenvoudige sintaksis met ’n mate van lomp taalgebruik.<br>Beperkte woordeskat. Verskeie tegniese foute. |
| **1 (Baie swak)** | Beperkte, onvanpaste taalgebruik.<br>Verward en obskuur.<br>Talle foute. |

© UCLES 2019

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 2 | | **25** |
| | **Moontlike antwoorde**<br>• Let op dat die volgende 'n lys *moontlike* antwoorde is.<br>• Let ook op dat dit in notavorm is, maar dat daar van kandidate verwag word om hulle antwoorde in aaneenlopende prosa aan te bied.<br>• Alternatiewe antwoorde wat relevant tot die taak is, sal ook 'n punt ontvang.<br>• Antwoorde moenie langer as **250 woorde** wees nie. | |
| | **Ooreenkomste en verskille**<br>***Noem tot 11 punte in verband met ooreenkomste en verskille in inhoud vir 1 punt per elke verskil/ooreenkoms.*** | |
| | **Albei tekste:**<br>• handel oor duiwe<br>• verwys na ander tuinvoëls<br>• karakteriseer voëls d.m.v. beskrywing<br>• verwys na spesifieke pragtige omgewings | |
| | **Teks A:**<br>• handel spesifiek oor die grootringduif<br>• beskryf hoofsaaklik een soort duif<br>• verwys na die verteller se kinderdae<br>• personifieer d.m.v. beeldspraak<br>• verwys na duiwe se rol deur die eeue heen<br>• fokus op die verband tussen mens en duif<br>• verwys na wat voëls/duiwe vir die verteller beteken<br>• gebruik beeldryke, skeppende, idiomatiese taal | |
| | **Teks B:**<br>• vertel die verhaal van 'n spesifieke kransduif<br>• verwys na die verteller se vrou, bure en kat<br>• personifieer d.m.v. naamgewing<br>• wend pogings aan om humoristies te wees<br>• verwys na die verteller as skrywer<br>• wil vermaak<br>• gebruik informeler taal as teks A | |

© UCLES 2019 

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 2 | **Styl en doel (*gee maksimum vier punte*)**<br>***Gee 2 punte per verskil***<br>**Byvoorbeeld:**<br>• Teks A is ’n rubriek-artikel terwyl Teks B ’n storie is.<br>• Teks A gebruik veel beeldryker taal as Teks B.<br>• Teks A het ’n beskrywende/informatiewe en bespiegelende toon; Teks B is meer verhalend.<br><br>***Gee 1 punt per ooreenkoms***<br>**Byvoorbeeld:**<br>• In albei tekste is daar ’n eerstepersoonsverteller/ek-verteller / is die spreker teenwoordig.<br>• Albei tekste het ’n goed afgeronde struktuur.<br>• Albei tekste gee inligting.<br>• Albei tekste wil ’n houding teenoor duiwe of ’n duif oordra.<br>• Albei tekste wil ’n indruk op die leser maak. | |

[Totaal: 15 punte vir inhoud en 10 punte vir taalgebruik = 25]

© UCLES 2019